Donderdag **5 Desember**

**Skrifgedeelte: Jesaja 40:3-11 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Jesaja 40:9-11**

**Die HERE is by sy kudde en Hy versorg hulle**

Die volk is in ballingskap, maar dan roep ’n stem uit dat daar in die woestyn vir die Here ’n pad gemaak moet word. Daarmee sê die Here dat Hy sy volk uit die ballingskap gaan red, en dat Hy voor hulle gaan uittrek wanneer hulle na die beloofde land toe terugkeer.

Uit die mens se oogpunt is daar nie redding vir die volk moontlik nie. Die volk Juda is in ballingskap weggevoer omdat hulle volhard het in hulle sonde, en daarom verdien hulle dit om vernietig te word soos wat die woestynwind gras en veldblomme vernietig (vs 6, 7).

In vers 8 bevestig die HERE dit dat die volk soos gras en veldblomme is, maar teenoor hulle ontrouheid en nietigheid is God se getrouheid. Sy beloftes staan vas. Hy bly aan sy Woord getrou, en daarom gaan Hy sy volk red.

Sion (die Israeliete) word opgeroep om God se verlossing uit te jubel. Die volk in ballingskap moet uit die stof opstaan en getuig: Die HERE is by ons. Hy versorg ons soos ’n herder sy kudde versorg. Hy vou die weerlose lammers in sy arms toe en Hy dra hulle teen sy bors.

Uit die volk wat uit die ballingskap teruggekeer het, word Jesus gebore en in Johannes 10:11 sê Hy: “Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.” God is getrou aan al sy beloftes. Daarom word Jesus gebore om sy lewe vir gelowiges af te lê en hulle van die sonde te red. Deur die Heilige Gees is Hy by hulle, Hy versorg hulle en hulle is sy volk.

God roep ons om uit die stof op te staan en te getuig: Die HERE is by ons. Hy is ons Redder, en Hy versorg ons soos ’n herder sy kudde versorg.

*Sing: Psalm 105-1:1, 5*

*Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai/Swakopmund)*